

## WERKWOORD.

---

§52. Ons werkwoord-sisteem is besonder arm aan vormverandering. Behalwe in 'n klein aantal gevalle blij die grondwoord onveranderd en word wijsiging in betekenis (tijd, wijs) sonder of met hulpwoorde uitgedruk: *ek kom; ek sal kom; ek het gekom; kom tog; moenie kom nie; ek sou kom.*

§53. Die grondwoord is die vorm van die tegw. tijd en die infinitief. *Gaan, staan, slaan, doen, sien* egter kan in die tegw. tijd behalwe op *-n* ook op *-t* uitgaan, hoewel *-t* in die algemeen minder gebruikelik is. Die inf. ken hier alleen *-n*. Voorb.: *ek (jij, hij, ons, julle, hulle) gaan, staan, ens.; ons hoop om dit te sien, om te gaan; ek kan dit doen.*

Met die oog op die onderwijs sou 'n normalisering in die rigting van *n*-vorme aan te beveel wees. Verder word nog onderskei tussen *is, het* (tegw. tijd) en *wees, hê* (inf.)

*O p m. 1.* Die inf. *sijn* wat in die poësie sporadies voorkom als rijmwoord is heeltemaal onafrikaans.

*O p m. 2.* Daar is 'n paar geijkte wendinge met inf. op *-e* wat afwijk van die grondwoord, b.v.: *Dit laat veel te wense oor; soos te wagte was; dis te hope; (so vol) als kome kan; dis nog te bekomme; wat aan kome is; iets te wete kom; te kenne gee; dis daaraan te wijte; dis daaraan te danke.* Opmerking verdien dat naas *dank, gedank* voorkom *danke, gedanke* alleen ten opsigte van die dankgebed aan tafel: *Danke jif asseblief; sal ons danke? ons het gedanke.*

§54. In 'n groot aantal gevalle het die grondwoord 'n *-e* (of is saamgetrokke uit 'n *e*-vorm: *ja, krij, glo, vee* uit *\*jae, \*krije, \*gloë, \*veë*) naas 'n vorm wat op 'n medeklinker uitgaan. Hiervoor kom in aanmerking grondwoorde op *d, g, f*. Die volgende lijs gee die moontlike tiepes aan:

(1) *d*-uitgang: *bid, bidde; bied, bieë; word, worde;*

*antwoord, antwoorde; vergeld, vergelde; meld, melde; (vas)speld, (vas)spelde; kwijskel(d), kwijskelde; aanrand, aanrande; skend, skende; wend, wende; vind, vinde; kleed, klee; smeed, smee; versmaad, versmaai;*

(2) *g-uitgang: klaag, klae, kla; waag, wae (wa); vraag, vra; jaag, ja; draag, dra; saag, sae; leg, lê; seg, sé; eg, êe; rijg, rije; krijg, krij; vlieg, vlie; lieg, lie; bedrieg, bedrieë; ploeg, ploë; buig, buie; getuig, getuie; gedoog, gedoë; veeg, vee; weeg, weë; sorg, sorge, sôre; terg, terge, tère; berg, bêre; volg, volge.*

(3) *f-uitgang: drijf, drijwe; skrijf, skrijwe; vrijf, vrijwe; blijf, blij; kleef, klewe; geef, gee; leef, lewe; streef, strewe; skaaf, skawe; laaf, lawe; loof, lowe; beloof, belowe (belo); geloof, gelowe, glo; skuif, skuiwe; sterf, sterwe; bederf, bederwe; aanwerf, aanwerwe; dolf, dolwe; ontrief, ontriewe.*

Hierbij kom nog sekere werkwoorde op *-ui, -ei*: *wei, weie; onderskei, onderskeie; uitwei, uitweie; bedui, beduie; aandui, anduie*. Verder *wij, wije; spel, spelle; gebeur, gebeure* (Vrijstaat: *wat sal vanaand gebeure? dit gebeure elke dag*).

*O p m.* 1. Dis onmoontlik om 'n algemene uitspraak te gee oor die meer of minder gebruiklikheid van die twee reekse van vorme. Daar is soveel faktore (lokaliteit, opvoeding, ens.) wat in aanmerking kom en mekaar kruis, terwyl verder die gebruiksfere van twee of méer vorme dikwels verskil ten opsigte van werkwoordelike funksie, dat alleen individuele behandeling naaste aan die waarheid sal kom. Tog kan dit sijn voordeel hê om hier 'n paar gesigspunte aan te voor. In die Boland, ten minste in Paarl en omstreke, word die vorme met *-e* of die saamgetrokke vorme onder (2) en (3) bijna uitsluitelik gebruik. Dus gewoonlik *klae, wae, vra, ja, krij, blij, sé, lê, vee, weë, (af)tree, bêre, tère, lewe, belowe (belo: plat), dolwe*, ens. Daarenteë egter ook *lieg* (waarnaas die minder gebruiklike sagter *lie*), *volg, sterf*, ens. *seg, leg*, is onbekend; verder altyd *sôre, bêre, tère*. Die vorme onder (1) loop in hierdie streek baing deurmekaar. *Worde* (spreek uit *worre*) is heel gewoon; *word* altyd in die tegw. tijd, *worde* (naas *word*) alleen als inf.: *jij word groot; hulle word beskerm; jif sal gevang worde; dis strelend om geprijs te worde*.

In die binneland, bij name in Vrijstaat en Transvaal, het die vorme op medeklinkers veel meer speelruimte, hoewel nog veel minder gebruiklik als die ander. Tamelik gangbaar is *skrijf* (inf., tegw. tijd, verl. deelw.), *leef, beloof, bederf*; uiters seldsaam is

*blijf, geef*. Vorme op -g kom eerder voor in die verl. deelw., minder in die tegw. tijd, haas nooit in die inf. nie. 'n Mens hoor dikwels *geklaag* (*het jij hom aangeklaag?*), minder *ek klaag*, gewoonlik *ek klae* (*kla*), *te klae* (*kla*). *Waag, gewaag, te waag* naas *wae* is gewoon. *Seg, geseg* hoor jij af en toe; bij Cachet „Sewe Duiwels” is dit feitelik reël. Oor die algemeen is vorme op -g, -f vreemd aan die inf., min gebruiklik in die tegw. tijd, meer bekend in die verl. deelw. Sekere distrikte en nog enger, sekere familie-groepe gee die voorkeur aan een of ander vorm. Dikwels is die vorme op medeklinker 'n gevolg van Nederlandse invloed. *Bij te draag, aan te vraag*, ens. het iets lomps, en skrywers in Afrikaans gee 'n mens die indruk dat hulle op hierdie terrein minder noukeurig hul eie onvervalste uitspraak raadpleeg.

*O p m. 2.* 'n Paar ww. het ook 'n vorm met: *begin, beginne, begint*; *behoort, behoer*; *reënt, reën*. *Begin, beginne* kom voor in tegw.tijd, inf, en verl. deelw.; *begint* tegw. tijd. *Behoort* (Lat. debet) kan natuurlik alleen in tegw. tijd voorkom; *behoort* (gevolg deur *tot, bij*) is gewoner als *behoor*, *Reën, reënt* wissel mekaar deurgaans af; *reën* is als inf. wel gebruikliker.

## DIE VERLEDE TIJD.

§55. Afrikaans vorm sijn verl. tijd konsekwent met het pl. verl. deelw.; in 'n aantal gevalle ook met is pl. verl. deelw.: *ons het geloob, ek het vertel, dit het (i s) gebeur, dit het (i s) geskied*.

Van die sogenaamde „sterke vervoeging” is alleen enkele vorme oorgeblij: *was, wou, sou, moes, had, wis, dag (dog), werd, mog* (modaal).

*O p m. 1.* *Werd* is 'n boekvorm, vandaar ook gebruik bij die openbare redevoering. Maar dis 'n handige woordjie wat daarom in ons skryftaal tamelik gangbaar geword het.

*O p m. 2.* Bij die ou geslag tree sporadies op *kos* bet. kon, en *begos* bet. het begin.

*O p m. 3.* *Mog* kom alleen modaal voor (kijk) §112, (6), (10). Onder Nederlandse invloed word *mog* soms verkeerdelik gebruik als verl. tijd van *mag* bet. die geleentheid hê, kan, b.v.: *voor sijn dood m o g hij nog sijn kinders almaal groect*. Dit is onafrikaans. Hier sê ons gewoonlik *kon*.

§56. Behoudens die voorgaande onderskei ons taal

*in vorm* nie tussen verskillende grade van verlede nie. Hiermee verval dus feitelik die opvolging van tije wat so gewoon is in Nederlands en Engels. Die beste bewijs is dat waar onderskeiding nog bestaan, soos bij die ww. *is*, geen betekenisverskil meer gevoel word nie. Die sinne *ek was gister daar gewees, ek was gister daar, ek het (is) gister daar gewees*, druk presies dieselfde uit. Maar dit neem nie weg dat daar wel 'n logiese onderskeiding bestaan nie. Uit die samehang word natuurlik dadelik duidelik watter handeling voorafgaan en watter een volg. Vgl. *nadat die ruiter van die perd afgeklim het, het hij ons elkeen 'n handdruk gegee, of nadat die ruiter van die berd afgeklim het, gee hij ons elkeen 'n handdruk*. In die laaste sin word *gee* als handeling in die verlede gevoel. hoewel dit die vorm van die tegw. tijd het. In *alles wat hij van hulle verlang het, het hul gedoen* voel iedereen dat die handeling *verlang* voorafgegaan het aan die handeling *doen*, terwijl albei voorstellinge in die verlede is.

Als dit so is, en daaraan val nie te twyfel nie, dan is die gebruik van *had* pl. *verl. deelw.*, wat sommige skrywers so 'n uitgesproke voorliefde voor het, nie alleen oorbodig nie maar dan beteken dit selfs 'n vergriep teen ons taalaard. Hier is 'n paar voorbeelde: (1) „Hul woon aan die wapid en die vrouw *had* reeds *geleer*.....” (2) „Retief antwoord dat hij sowat nog nooit *gesien had* nie.” (3) „Waarom is jouw pa so nukkerig, George? Hij *had* mij amper nie *geg'oet* nie.” Dat 'n mens maklik in 'n enigssins ingewikkelde sin jouw *had's* en *het's* verkeerd kan inspan bewijs die volgende: „Hul georderde staatsinrigting ..... bewijs vanself dat dit nie laster was om te sê, soos hij tot hiertoe gehoor *had*, dat hul weggetrek *het* om buiten bereik van die wet te wees.” En wat verder hinderlik is bij die aanwending van *had*, is die inkonsekwensie: in die een sin *had*, in die volgende weer skielik *het* waar *had* sou verwag word.

*O p m. 1.* Vir *had* in sin 3 bestaan hoegenaamd geen rede nie. Dit laat 'n mens onwillekeurig dink aan Griekwa-Hollands, vgl.: *Ek had 'n klein skepsel gehad, hij was 'n weelde kend en ek was bevreess, hij sal die veld inhaal, en so het ek met ham onder die wa ingekroep. En dat was 'n behoorlike skepsel gewees, want oeilbaard is dai wat hij gehad had. Hij het vir hu se outata geaard. Dat was darem jammer gewees, maar die skepseltjie had later gesterf van mensbehege.*

*Op m. 2. Had pl. verl. deelw.* is in Afrikaans alleen ge-regtig in 'n voorwaardelike en wensende sin, vgl. *Had ek tog maar mijn jas mee geneem! Had ek maar mijn plicht gedaan!* Kijk §112, (6) en (10).

§57. Die verlies van die sterk vorm in die verl. tijd sowel als die uitgang van die swak vorm, waardeur so veel herhaling van *het* nodig word, is dikwels genoem als 'n armoede en gebrek in Afrikaans. Maar dié beskouing is onwetenskaplik. Ons begrippe van arm en rijk, soos alle begrippe, is betreklik, en Engels en selfs Nederlands is arm aan vormverandering in vergelyking met die Oudgermaanse tale waaruit hulle ontwikkel is. En als ons nie Nederlands geken het nie, sou ons die gedagte nooit gehad het nie. Dit kom alleen deur vergelyking met 'n ander taal. Om dus van verarming te praat is verkeerd, want 'n taal gee eers dan vormverskeidenheid prijs wanneer daar nuwe maniere van uitdrukking ontstaan is wat dieselfde diens doen en boënop meer in ooreenstemmig is met die algemene ontwikkeling en aard van die taal. Ook hier geld die beskouing van dinge uit 'n suiwer Afrikaanse standpunt. Waarom hinder die baing *het's* ons nie in die alledaagse omgang nie? En is 'n bietjie herhaling, waar dit nie anders kan nie, dan nie 'n baat, wat ons liever aanvaar als 'n sogenaamde „gerieflike” maar vir die onderwijs en aanleer moeilike werkwoord-sisteem nie?

Maar nou is daar verskillende maniere waarop die verl. tijd kan uitgedruk word:

(1) deur *het*, is *pl. verl. deelw.*, b.v.: *Ek het gegaan; dit is geskied sonder ons toedoen; hulle is gister getrouwd;*

(2) deur *toen* of *toe pl. tegw. tijd*, b.v.: *Hij het na haar staan en kijk, en toen die trein wegtrek, haal hij zijn hoed weemoedig af;*

(3) deur die *tegw. tijd* alleen. Dit is baing gewoon veral in die verhaaltrant waar die *tegw. tijd* gedurig afwissel met *het (is) pl. verl. deelw.* of met sterk vorme soos *was, kon*, 1) ens. Voorb.: „Sij anders onvatbare

---

1) Dis opmerklik wat 'n hulp die woordjies *had, kon, was*, ens. bij die sinsvorming is en hoeveel *het's* deur hulle veelvuldige gebruik vermij word.

hart was, soos ek gesê het, net in die stemming vir indrukke van die aard, en hij *krij* weer die verlange na die geselskap van jong mense." „Gijs wenk toe vir mij want hij kon sien aan mij glimlag, dat ik goed kennis had van daardie ding, en hij *~ee* te kenne dat dit vir hem 'n eer sou wees....." „Hoe ver ik gerij het kan ik nie sê nie, maar ik *kom uit* bij 'n klomp mense, spoke, of wat ook al wat 'n vreemde taal praat wat ek nie mooi kon uitmaak nie." „Dat dit nou sij eerste aanmerking moes wees na gisteraand se gesanik was vir ons almaal nou eenmaal te snaaks, en ons *skater uit* van die lag." „Ik *an* toe naar mijn fiets terug, maar toe ek daar kom was die agterband pap. Die lekkasie het ik gouw-gouw heelegemaak want ik had die lijm en gomelastiek-lappies en alles bij mij."

*O p m.* 1. Die verhaal besig geheel of gedeeltelik die tegw. tijd waardeur dit aan lewendigheid en realiteit win.

*O p m.* 2. Teen te veel gebruik van *het* moet gedurig gevaak word. In baie gevalle kan die verl. deelw. sonder *het* gebruik word. Van die volgende twee sinne het die eerste weëns lomp skikking onnodig te veel *het's*; die tweede daarenteë is heel handig gebou: „Jonas het gelukkig, daar hij te veel met die gebeurtenis ingenome was, nie opgelet nie, dat daar sakke aan die saal gewees het, en hij het hulle nie gemis nie toen hij weerkom, en die saals en tooms na die kraal gebreng het." „Daar al die jagers nou oor die bult, agter die bokke in was, het Danie van die gunstige oomblik gebruik gemaak, sijn roer opgetel, en weer opgeklim en so vinnig als die omstandighede dit toegelaat het, maar laat trap huistoe."

§58. Die gebruik van *geword* als hulpww. in die verl. tijd is oorbodig en kom in die gewone spreektaal nooit voor nie. Daarop *het hij gekruisvraag* *geword* is pure boek-Afrikaans. Vgl. volgende sinne: *Nadat die advokaat sij pleidooi gelewer het, is beskuldigde gevonniss met £10 boete. Voordat hulle uitmekaar gegaan het, is die mosie nog 'n keer bespreek. „Nooit sal ik vergeet hoe die hele blesier van 'n rit vir mij een dag totaal vernietig was deur die krete en aanmerkinge van 'n seker mejuffrouw M."* Dit is gevalle waar sommige skrywers werd *pl. verl. deelw.* sou gebruik, 'n uitdrukkingswijse wat dus lang nie onontbeerlik is nie.

§59. Die verl. tijd word samegestel met *het* of *is*. *Het* kan met enige ww. (bedrijvende vorm) samegestel

word; *is* alleen met 'n aantal onoorgankelike ww. In ons skryftaal word *is* dikwels gebruik waar die spreektaal alleen *het* sou besig. Voorb. : *Dit het gereën. Dit het gebreek. Ons het gerij. Hij het 'n huis gebou. Dit is gebeur. Dit is geskied. Jij is baing verander* maar *cok jij het baing verander. Ons is gister aangekom. Hulle is geland. Hulle is gestrand. Hij is groot geword. Gaan, blij, val, is, ens. neem veel eerder het als is.*

§60. Dit is nodig om te waarskuw teen die verkeerde posiesie waarin *is, het, was, word, werd* in 'n afhankelike sin deur sommige skrywers geplaas word. Dit is verkeerd om te sê : *Ons weet dat die onderwyser deur die skoolkommissie is aangestel. Hulle werd altijd meer en meer oortuig dat daar vir hulle geen rus was weggele nie. Dadelik nadat die burgers die tijding het ontvang, saal hulle op. Die offisiere behoort toe te sien dat daar nie word gebuit nie.*

In al dié gevalle moet die hulpww. na die verl. deelw. staan. Sijn verkeerde posiesie is te wijte aan Nederlandse invloed, hoewel dit daar ook maar spaarsaam aangewend word.

## OPVOLGING VAN TIJE.

§61. Soos reeds vermeld, verval die opvolging van tije in ons taal, b.v. : *Nadat hij thuis gekom het, het hij gaan slaap* of *gaan hij slaap*. Deur die aanwending van die tegw. tije vir 'n handeling in die verlede en deur nie-onderskeiding van grade van verlede het ons gevoel vir die harmonisering van twee opmekaar volgende sinne ten opsigte van tije sodanig verstomp dat ons dit dikwels selfs daar nie inagneem nie waar die middel tot ons beskikking is. Dit kan namelik gebeur in verband met die sterk vorme. Voorb. : *Ons het gemeen dat hij 'n eerlike man is.* Dit is in die haak omdat in die afhankelike sin 'n toestand wat voortduur, aangedui word. Daarenteë is daar in : *Ek het altijd nog geglo dat hij sou verander maar nou nie meer nie.* sprake van 'n veronderstelling wat van 'n standpunt in die verlede gemaak word. Die meeste mense gebruik hier *sal* in die daaglikse gesprek.

Verder voorb. : *Ek wis, hij sou dit doen. Ek wis nie dat hij teenwoordig was nie. Hij het bevel gekrij dat hij dadelik al sijn ammuniesie moes dorp toe bring. Ek het*

*gemeen dat hij maar mors toegee. Die dokter se opienie was dat hij nie 'n uur langer kon lewe nie.*

### DIE INFINITIEF (Onbepaalde Wijs).

§62. Die inf. kan met of sonder *te*, om te voorkom, b.v.: *Dis te begriep dat dit nie kan gebeur nie. 'n Mens kan jouw tijd nuttig deurbring deur 'n goeie boek te lees. Dis maklik om die eksamen deur te kom. Hij het geleer om sijn hande te gebruik. Jij moet dit laat staan. Ek gaan loop.*

Die inf. met *om te* is uiteraars gewoon in Afrikaans, veel meer als in Nederlands. Dit word gebruik als die inf. onderwerp of direkte voorwerp is. Die eerste gebeur dikwels als die sin begin met *dit is (dis)* of met die *om te* bepaling, b.v.: *Dit is goed om vroeg op te staan. Om uit te deel is beter als om skatte te vergader. Dis om bang voor te word. Dis om 'n mens die skrik op die lijf te ja.*

Die tweede gebeur als die inf. geregeer word deur 'n ww. Hiervoor kom 'n groot aantal ww. in aanmerking o.a. *leer, reken, meen, besluit, vra, probeer, van plan (voorneme) wees, gewoon wees, verlang, onderneem, belowe, aanraai, ooreenkom, ooreenstem*, ens. b.v.: *Hij het belowe om daar te wees. Ons vra hom om mee te gaan. Ons reken om môre klaar te wees*, ens.

Verder kom *om te* pl. inf. voor als bepaling:  
*Hulle was bang om weg te ja;*

als nader verklaring van 'n snw.: *Dit was sijn manier om dit te doen; hij had 'n sterk verlange om huistoe te gaan;*

als aanduiding van doel: *Ek doen mijn bes om vooruit te kom. Hij se dit net om sijn slimheid te toon. Ons wag al lang om hom te vang.* 'n Mens het moed nodig om so 'n strijd aan te binde.

Die inf met *te* staan in bepalinge met 'n voorsetsel en na enkele ww., b.v.: *behoort, hoef, lijk, val*, ens. Voorb.: *Hij doen dit sonder 'n woord te praata (hier kan ook om staan); 'n mens word slimmer deur met die man te gesels; jij behoort te trouw; ons hoef nie te werk nie; hij lijk 'n duiwel te wees; oor hierdie kwessie val nie te redeneer nie.* Die gebruik van *val* in die laaste sin klink stijf.

Die inf. sonder *te* staan als direkte voorwerp na



'n ww. of als bepaling na 'n ww. b.v. : *Ek hoor loop. Ek sien die man skrywe.*

Verder vind ons inf. sonder te na (r) hulpww. (*kan, sal, mag, moet, wil, durf*) : *Ek sal gaan. Hij mag nie stem nie. Hij durf nie teëpraat nie;*

(2) *laat, blij, kom, help, ophou, aanhou, ens. b.v. : Ons laat 'n huis bouw, Hij blij sit. Ek kom gesels. Ek help skeer. Hou ob raas. Hij hou aan lawaai maak. In die laaste twee sinne kan ook met staan voor inf. In 'n sin als ek kom gesels word kom gesels als 'n eenheid gevoel. Netso in ek staan praat. Utdr. als kom te staan, kom te sterwe is stereotiep.*

Die inf. kan als snw. voorkom, b.v. : *Lees is 'n nuttige tijdverdrif. Ek is klaar met die deurkijk van die papiere. Briewe skrywe vind ek 'n vervelige werk. „ammunisie en proviesie afneem en sôre dat hulle nie ingesluit word nie.....”*

*O p m.* In die laaste twee sinne het *skrywe, afneem, sôre* nog werkwoordelike krag.

## STAAN EN PRAAT.

§63. Een van die oorgeërfde kenmerke van ons taal is die gekoördineerde sinsbouw (parataksis) in plaas van die onderskikking. Dit verskijn gereëld na sekere ww. (*staan, loop, sit, lê*) i.p.v. te pl. inf. b.v. : *Hij staan en praat* (eintlik : *hij staan en (hij) praat*). *Partij burgers sit letterlik en slaap van vermoedheid. Ons loop hier op en neer en rook. Die twee ondeunde seuns lê mekaar en skop.*

Die gevoel vir hierdie gebruik is so sterk dat die twee ww. deur 'n sin van mekaar geskeie kan wees b.v. : *Voor die stoep sit die kindertjies wat nog nie groot genoeg is om 'n besef te hê van die toestand nie, en bouw modderhuisies met die nat kleigrond.* Tog word die twee ww. als 'n eenheid gevoel wat duidelik blyk uit : *Dis maklik om te staan en lawaai maak.* Net een te is nodig. *Nou spring hij op en loop deur die kamer homself en verwens.*

Die verl. deelw. word net so gebruik : *En daar het hul 'n hele ruk met die vader en moeder gesit en gesels.*

Die *en* word dikwels weggelaat : *Terwijl hij dit pas-sief s i t a a n k i j k. Terwijl sij bij die bed s i t w a a k.*

Die posiesie van *en* is onmiddellik voor die tweede

ww. tensij 'n woord (bw.) tussenin staan wat met die ww. 'n eenheid vorm: *Wat staan julle hier mekaar en sieg se? Maar: die twee sit mekaar gedurig in die wiete en rij.*

Daar ons taalaard ten opsigte hiervan so maklik veronagsaam word, volg hier 'n paar aanhalinge wat aanwys hoe 'n mens nie moet skrywe nie: „Terwyl ek daar in mijn verriet sit te denk wat te doen”; „en F. blij oor die ding sit te denk”; „terwyl hul so staan te praat”; „die Boere staan in hul trein dit te aanskouw en aan te hoor”; „toen hij uit is, staan sij 'n rakkie na te denk.”

§64. 'n Ander punt waarteenoor skrywers nie konsekwent is nie, is die gebruik van die inf. van die hulp-ww. na *sou, het*. Die gedagte aan die verlede roep onwillekeurig bij skrywe en praat die vorm van die verlede tyd ook daar te voorskijn waar 'n inf. moet staan, b.v.: *Hij sou dit nie graag wou doen nie. Hij sou dit maklik kon verkrij.* „Totdat hul die volgende dag sou kon rahorteer.” „Die stadje waar ons het moes anker.” „Hij sou buitendien die gesprek tussen Holstead en die Boere nie kon begriip nie.” „Dat hul die volgende Maandag nie sou kon vertrek nie.” „Op die manier sou die Engelse Kegering jaarlks 'n toelaag..... moes afstaan.”

Dis 'n allergeewoonste vorm van uitdrukking in die omgangstaal van ontwikkelde mense en hoewel dit sonder meer 'n argument is vir sijn bestending in die skryftaal, moet daar tog ergens 'n greuslijn wees. 'n bedding waarin die stroom kan vloei. Daarbij kom dat baing mense ook sê *sou wil, sou kan* ens. 'n Konsekwente gebruik hiervan bij die skrywe sou dan langamerhand terugwerk op die spreeknorm.

§65. Na *kan, kon, mag, wou, sou, moes*, ens. pl. verl. deelw. kom in die omgangstaal *het* voor, waar 'n mens *hê* sou vermag, b.v.: *Hij kan dit maar gedoen het. Ons mag nie vooruit oeloop het nie. Jan wou nog eers sijn perd verkoop het. Niemand sou dit verkeerd opgevat het nie. Hij moes daar eerder werk van maak het.*

In „Die Brandwag” van 15 Maart 1912 het ek destijds betoog, dat die *hê*-vorm (*ek wou dit gedoen hê*) nie onvoorwaardelik moes veroordeel word nie, op grond

van (1) die skriftradiesie en (2) die feit, dat dit bij sommige persone wel gehoor word. In die geskifte van die Ou Beweging geniet dit 'n aanmerkelike mate van gebruiklikheid (vgl. „Ons Klijntje”, „Koningin van Skeba”, ens.); in die grammatikas van du Toit, Hoogenhout, de Waal staan dit als *of*-vorm naas *het*. Op die oomblik is *hê* 'n seldsaamheid. Dit is sonder twyfel 'n kunsmatige vorm wat geadapteer is aan die Nederlandse gebruik. Dit is dan ook seker, dat ons skriftaal uiteindelik alleen *het* sal aanwende als die algemene beskaafde spreekvorm.

*O p m.* Waar *hê* 'n selfstandige ww. is b.y.: *Hij wil dit hê; mag jij dit nie hê nie?* word dit natuurlik gebruik. Daar sommige mense selfs hier *het* laat hoor, is dit nodig om net daarop te wijs.

§66. Die verl. tijd van die inf. verskijn op twee maniere in die skriftradiesie: (1) *hij behoort dit te verstaan het*; (2) *hij behoort dit verstaan te hê*. Ten opsigte van gangbaarheid bij die spreek staan (2) in dieselfde verhouding tot (1) als *hê* tot *het* in die vorige paragraaf. Met die oog op die beskaafde gebruik behoort ons dus te skrywe: *Na allerhande dinge te gesels het; hij hoeft nie die omhad te geloof het nie; hulle behoort dit mee te geneem het*: „selfs gevalle van beeldsbraak blyk nou gangbaar te gewees het onder die volk; hij behoort hom nie daaraan skuldig te gemaa k het nie; na die foule aan te gewijs het; na soveel pijn te deurstaan het; na sijn vriende te geraadpleeg het.

## DIE TEGENWOORDIGE DEELWOORD.

§67. Behalwe in 'n paar oorgeërfde gevalle (*die man is sterwende; hij is horende doof en siende blind, bestaande uit, behorende tot*, ens.) is die tegw. deelwoord met werkwoorde-like funksie onbekend in die spreektaal. In deftige spreekstyl word hij bij wyse van uitsondering gehoor. In ons geskifte speel hij 'n aanmerkelike rol. Meestal kan 'n mens hom vermij deur omskrywing, wat egter in die verskuns veel moeiliker sou wees. Ter opheldering volgende: „*Honderd gedagtes, gevoelens en gewaarwordinge speel vir 'n oomblik hul wrede spel in die ontvankelike vrouwesiel van Bettie, als laggend in*

*hul vrije dans oor haar onbeheerste Ik, wat soos 'n boot sonder bemanning kantel en keer tussen wilde bare, maar haar ewewig terugwinnend, dwing sij hulle met magtige wil tot onderwerping en voorgewend dat sij die posiesie nog nie heeltemaal begriep nie, sê sij.....*" In plaas van als laggend kan staan—alsof hul lag; ip.v. maar haar ewewig terugwinnend sou maar terwyl sij..... terugwin kan kom; en ook voorgewend kan omskrijwe word. Maar in 'n enigssins ingewikkelde sin sou deur konsekwente omskriewing te veel hinderlike tussensinneties ontstaan. Dit kan derhalwe gebeur dat die tegw. deelw. verkiesliker is als die ander manier. Maar dit neem nie weg dat sijn gebruik beperk moet word nie.

*I.p.v. 'n dowwe dreuning sig vermengend met die krakende geskud van die ruiters in die saal kon 'n mens net so goed skrywe: 'n dowwe dreuning wat hom (sig) met die krakende geskud van die ruiters in die saal vermeng.*

Dikwels sou 'n mens dit nie wil verander nie: *Wetende dat sijn laaste uur aangebreek was. Die inkomste is £200, daarvan moet nog afgetrek word £50, latende 'n bedrag van £150. Hij het die hele geskiedenis weer oortel, beginnende met die skooljare en eindigende met die bekende grab van die jagtog. Die jong groen, juigend van vreugde, skijn te herlewe. Ingeslote tjek vir £20, sijnde rente op..... Sulke woorde skrywe ons sonder korbeltteken, als sijnde duidelike eenhede. Waar die vorm van die tegw. deelw. als egte bijwoorde diens doen is daar geen beswaar teen te maak nie: Knorrend en brommend stab hij die huis in.*

## DIE VERLEDE DEELWOORD.

§68. Die verl. deelw. word gevorm deur voorvoeging van *ge-* aan die grondwoord: *geloob, gestaan.*

Bij 'n skeidbaar samegestelde ww. staan *ge-* tussen die dele van die samestelling: *die jong het die tuin omgesit; die kar het sasgeval in die modder; hulle het die ertjies uitgesoek; hij het 'n mosie voorgestel; die ambtenaar het die vorms ingevul; hij het sijn vader gelukgewens.*

Sonder *ge-* word gevorm die verl. deelw. van onskaidbaar samegestelde ww., waaronder derhalwe begrepe is ww. met voorvoegsels *be-, ge-, her-, er-, ont-, ver-*: *dit het mij oorval; ek het mij misgis; die seun het*

die hele famielie onderhou; die regter het die saak van alle kante beskou; hij het sijn verstand gebruik; ek het die huis dadelik herken; die beskuldigde het sijn misdaad erken; het jij die brief ontvang, maar ek het jouw bedoeling nie verstaan nie.

'n Aantal onskedbaar samegestelde ww. neem egter ge-: (1) Snw. als ww. gebruik: *gewanhoop*, *geherberg*, *gedwarsboom*.

(2) verskillend samegestelde ww.: *geraadpleeg*, *geratbraak*, *geweeklaag*, *gevrjwaar*, *gewaarskuw*.

*O p m.* 1. In Afrikaans is die neiging om orals ge- te gebruik baie sterk. So krijg die onskedbaar samegestelde ww. maklik ge- in die omgangstaal: *geontmoet*, *geonterwe*, *gebe loof*, *geontvang*, *geërken*, *geverdra*, ens. Dat dit oud is in ons taal bewijs o.a. die Reisjoernaal van Hendrik Wikar, 1778, uitgegee deur die Linschoten-Vereniging, *Reizen in Zuid Afrika*, Deel II. Dit heet aldaar bl. 96: „deze slang is mij *gebeloofd*”; bl. 113: 't mogt van hare kinders *geverniet* worden”; bl. 131: „de wurmen worden in een leeren lappie digt toe gebonden en *gebewart*.....”

Nog ouer is volgende bewijsplase uit die jaar 1739 uit die pen van die brabbel-Hollands skrywende oproermaker Estienne Barbier, in „Historische Dokumenten” No. 1, uitgegee deur McCa.1 Theal. Dit heet aldaar: „waer niet meer als twee hondert en negentig, zijn *geherstelt*”, bl. 2; „naer gedagte zijnde ondergesteent” (bet. ondersteund), bl. 2; en Meer Estienne Barbier, is ergekent in deselve Raad als een Eerlijck man”, bl. 15.

Die enigste mij bekende bewijsplase in Nederlands is mij deur Prof. Francken meegedeel: Abraham Bogaert, „Historische Reize door d'Oostersche Deelen van Asia”, enz. Amsterdam, 1711; *geherstelt* bl. 70; *geondervraagt*, bl. 528; *de geondervraagde*, bl. 529.

*O p m.* 2. Werkwoorde op -eer vorm die verl. deelw. met of sonder ge-; kijk „Afrikaanse Woordelijs” bl. XIX.

*O p m.* 3. Die sogenaamde sterk verl. deelw. blij hier natuurlik buiten beskouwing, terwyl *gewees*, *gehad* onreëlmattig is.

§69. Behalwe in 'n paar gevalle kom die sterk verl. deelw., met suiwer werkwoordelike funksie nie in Afrikaans voor nie. Ons sê: *die digter het 'n groot werk geskep* maar *God het die wêreld geskape; die mens is ge-*

*skape om oor die diere te heers; die kindjie is gister gebore.* Bij enkele ounense kom nog voor *georwe* vir *geërwe*, *gebrog* vir *gebring*; verder word gehoor *gestorwe*, *gedog* en *gedag* terwyl 'n seldsame *gekog* vir *gekoop* aanstellerig klink.

Oorblijfsels van die sterk verl. deelw kom voor als bnw., predikatief sowel als attributief, en verder ook als bw. Sodanige uitdrukkinge kan beskou word als geijk; partij is onder boekinvloed in jonger tijd op die voorgrond gekom en is so seer geijk dat hulle alleen in vaste wendige verskijn. Voorb. *gedwonge arbeid*; 'n *ingenome standpunt*; 'n *bedroë man*; *hij het bedroë uitgekome*; 'n *bekrompe beskouwing*; *betrokke lug*; *bij 'n saak betrokke wees*; *die saak is beklonke*; 'n *onbesonne daad*; 'n *voldonge feit*; 'n *onverskrokke man*; 'n *deurgestoke kaart*; 'n *opgeskote seuntjie*; *obgewasse wees*; 'n *besope vent*; 'n *geslote boek*; *van die duiwel besete*; *sijn toorn is ontstoke*; *bestorwe van koue*; *sijn hande is bestorwe*; *gedane dinge*. Verder voorbeelde is: *afgestorwe*, *opgetoë*, *ontslabe*, *verboë*, *opgewonde*, *bedrewe*, *beskrewes*, *geslepe*, *deurdagte*, *verlate*, *uitgelate*, *verlore*, *bewoë*, *erware*, *gelede*, *uitverkore*, *ingesonde*, *gelate*, ens.

Nederlandse boekinvloed en ontwikkeling is ongetwijfeld aanspraaklik vir heelwat uitdrukkinge. Hoër ontwikkeling laat die behoefte ontstaan aan 'n meer gekonsentreerde uitdrukkingswijse. Dit kan opgehelder word deur 'n woord als *drukbesogte* in 'n *drukbesogte vergadering*. Die ontwikkelde voel behoefte daaraan, die begrip kort saam te vat; hij voel dat *drukbesoekte* nie sou gaan nie. Maar bij die onontwikkelde sal daardie behoefte nie aanwesig wees nie; hij sal omskrywe met b.v. (*daar was*) *baing mense op die vergadering*. Dieselfde persoon sal sê: *die verklaring wat gegee is* terwyl die ander bij voorkeur sal praat van *die gegewe verklaring*. So kom sterk vorme, feitelik geleende woorde, op onder die drang van behoefte. Hul gebruik word vergemaklik deur ons kennis van Nederlands, terwil ons hul veral daar kies waar die swak vorm nie gebruik word nie of waar 'n mens instinkmatig voel dat die swak vorm nie sou gaan nie.

Hiermee word 'n belankrijke kwessie vir ons skryftaal aangeraak nl. die vraag wanneer die sterk of swak vorm moet gebruik word. in attributiewe stelling sowel als in verbinding met *is* of *was*. Alleen iemand wat ons taal grondig ken, kan hoop om hier in die gros van gevalle die bevredigende oplossing te vind, en daar is ge-

valle waar ook hij onseker sal wees. Ons sê: *fijn gesnide gras, slaai*, ens. maar 'n *mooi (of net) besneë gesig*; in die eerste geval sou die sterk vorm verkeerd wees, in in die tweede die omgekeerde. Ons sê 'n *beslaande perd*; 'n *gebreekte glas*; *ingesinkte wijn*; *die lede is gekies* maar *met verslae hart*; *met gebroke stem*; *die man is beskonke*; *gekose lede*. *Gekoopte klere* klink gewoon, *gekogte klere* pedanties. Daarenteë kan 'n mens ewe goed praat en skrywe van *bespreekte* als van *besproke sitplekke*, terwyl daar 'n effens ander verhouding bestaan ten opsigte van *gesteelde* en *gestole goed*. In die volgende sindeel: „die strijd, die strewe, die angste en verskrikkinge verbonde aan die selfbehoud van 'n klein klompie.....” sou *verbind* nie pas nie. Maar dis goeie Afrikaans om te praat van 'n *netjies aangetrekte man*.

Dan is daar ettelike gevalle waar sterk en swak vorme onderskei word volgens hulle betekenisfeer. Dit blyk dat die sterk vorm 'n *gewijsigde* of *figuurlike* betekenis verteenwoordig, die swak vorm die *letterlike*:

<i>'n toegesluite huis</i>	maar	<i>'n geslote boek</i> ;
<i>uitgesoekte aartappels</i>	„	<i>'n uitgesogte middel</i> (plek);
<i>gebuigde tak</i>	„	<i>geboë hoof</i> ;
<i>gebreekte glas</i>	„	{ <i>gebroke stem</i> ,
<i>geslijpte mes</i>	„	{ <i>gebroke Engels</i> ;
<i>geskeerde skaap</i>	„	<i>geslebe vent</i> ;
<i>afgetrokke houding</i>	„	<i>ek is so geskore sonder</i> <i>mijn jas</i> ;
<i>ingenome met 'n idee</i>	„	<i>die huur is afgetrek</i> ;
<i>gebonde aan die huis</i>	„	<i>die medisijne is ingeneem</i> ;
	„	<i>die perd is aan die paal</i> <i>gebind</i> .

## OEFENING.

§70. Vervang die volgende ww. wat tussen haakies staan deur die vereiste vorme van die verl. deelw.:

Die dominee is so (aftrek); nadat alles (aftrek) is; hij is nou eenmaal so (skep); hulle het hom (dwin<sup>o</sup>) om mee te gaan; na (herwin) vrede; 'n (win) strijd; (afsterwe) vriende; al die (verbuig) vorme; die draad is (buig); die meisie is (opskiet); in 'n (opwinde) toestand); die mense was (opwinde); na (doen) werk; 'n vol (skrywe) blad; die huis is (verlaat); die boek is vol (skrywe): om toe te lig hoe die diens van die waarheid aan nuttigheid

(verbind) is; dan is die saak (vinde); sijn gemeenheid is (uitvinde); als in aanmerking (neem) word; die (insend) dokumente; 'n (slij) sker; dit het (vries) vannag; met (bevries) hande; hij het 'n hoë toon (aanslaan); 'n aanslaan silwer ketting; 'n (inval) muur; die huis is (inval); (lij) smart; die huis is (deurtrek) met rook; sij het baing swaar (deurstaan); almaal is (omkom) bij die ongeluk; die man praat met (bewee?) stem; 'n (wewe) rok; met (vouw) hande; in (afmeet) sinne praat; die uitdrukking klink (soet); hij is (bedrijf) in die saak; hij het al sijn geld (verlies) die strijd is (verlies) (nrijg) krale; (berij) troepe; die pad word nie (rij) nie; al sijn sonde is (vergewe); die koffie is (inskink); (inskink) koffie; (smelt) lood; (ontslap) vriende; sij is sag (ontslap); dis (verbied) om hier te rook; (gewee?) en te lij (bevind); drie van die aftredende bestuurslede is (herkies); 'n (uitgrawe) mijn; (bederwe) vlees; (uitkerwe) hout; hij het baing pijn (uitstaan); die (ondergaan) son; 'n (aanneem) kind; (knee) deeg; die voorsitter is (aftree); 'n (aftree) stuk grond; in die (afloop) week; (inlê) vrugte; 'n (uit-eet) mens; (deurbring) geld; (sing) liedere; met (verwring) gesig; die perde is (inspan); met (inspan) kragte; (inspan) vee; volgens (inbren) berigte; 'n (vergeet) storie; iets in 'n (on- en skend) toestand terugbesorg; (verber?) skatte; vrij en (on- en bind) wees; met (on- en was) hande; 'n (opblaas) padda; die voetbal is (opblaas); ek het (besluit) om te gaan; ek is (besluit) om alles te wae; die kwessie is uitvoerig (bespreek); 'n jongman met (on- en bespreek) karakter; hij word (aanbid); alles wat daaronder (begrijp) is; hij heg 'n (oordrijf) gewig daaraan; aan die wette (onderwerp) wees.

### DEI SWAK VERLEDE DEELWOORD.

§71. Volgens Spelreël 29 neem die egte deelw. geen *d* nie, behalwe wanneer die grondwoord op *d* uitgaan, b.v. : *die huis word verander; die mosie word voorgestel; hulle het ons genooi; die dokter het mijn lewe gered; die hout word verbrand; almaal het gestem; jii wil altijd bedien word.*

Wanneer die verl. deelw. egter als bnw. diens doen, word 'n *d* geskrijwe na 'n klinker en *l, m, n, r*.

Maar terwyl dit glad nie so eenvoudig is om altijd te weet wanneer 'n deelw. en wanneer 'n bnw. in die spel is nie, en dientengevolge heelwat onsekerheid heers in



die skriftaal, is dit noodsaaklik om hierop nader in te gaan.

In die sinne hierbo aangegee is *verander*, *voorgestel*, *genooi*, *gered*, *verbrand*, *gestem*, *bedien* suiwer deelvorde omdat 'n handeling uitgedruk word. Dus in verbinding met *het* en *word* (*werd*) tree die egte deelw. op. Hieroor sal dus niemand struikel nie. Die moeilikheid kom wanneer die woorde gebruik word in verbinding met *is* en *was*. Die volgende sinne gee duidelik 'n bnw. te sien waarin die *d* (cintlik *l*) gehoor en geskrywe word: *die boer is welgesteld*; *ons was teleurgesteld*; *die vrou is baing obgesteld*; *hij is gesteld ob sijn boeke*; *hij is geleerd*; *'n profeet is nie geëerd in sijn vaderland nie*; *hij is beskroomd*; *hij is gewend om lawaai te maak*; *die middel is bekend*; *hulle was dertig jaar getrouwd*; *hij is frisgebouwd*; *hij is vermocid*; *die prokureur het die dokument onveranderd teruggegee*; *die werk is onvoltooid geblij*.

Maar 'n mens kan nie altijd 'n duidelike grenslijn trek nie. In *die hond is geleer om regob te sit* sou 'n mens nog aan 'n handeling in die verlede kan dink; maar hoe is *geleer* te bepaal in *mijn perd is nog wild* maar *jouwe is geleer*? Teoreties sou 'n mens nog kan redeneer dat *is geleer* betrekkinz het op die handeling, dat *jij* moet dink aan die werking *geleer word*, en dat dit oorspronklik sou geheet het *is geleer geword*. Maar die vraag is of so'n opvatting juis is ten opsigte van die sielkundige toestand van die spreker of hoorder. Sou neë uit die tien *geleer* nie hier opvat als bnw. puur en simpel nie? En tog sou niemand daar 'n *d* skrywe nie. In *hulle was 'n jaar lang beleër* dink 'n mens immers aan die toestand van *beleër te wees* en sou die woord dus als bnw. gevoel word, daarenteë is daar handeling in die voorstelling bij die gebruik van 'n sin als *jij is mos baing verander* (*van ek jou las gesien het*).

Moet in die volgende sin *geëer* in *d hê* of nie: *hij is 'n groot man, getrouw aan beginsels, deur vriend en vijand geëer*? *Getrouw* staan in apposisie tot *man* en is suiwer bnw., en is *geëer* nie om dieselfde rede bnw. nie? Alleen kan hier gesê word dat die bepaling *deur vriend en vijand* 'n werking veronderstel, sodat die meeste hier wel nog deelw. sal voel. Maar *verander deur* tot *bij* en 'n mens voel dat die *d* daar wel mag staan. Aan die ander kant skrywe ons: *dis 'n land, verower deur groot ob-offering aan geld en bloed*, omdat die werking op die

voorgond staan. Die opskrif van 'n koerantartikel lui : *Nog 'n posiesie verowerd*. Bedoel word dat in die maatskaplike stryd 'n beginsel gehandhaaf is. Als die skrywer die *d* weggelaat het, dus *Nog 'n posiesie verower*, dan sou inderdaad 'n sekere dubbelsinnigheid geskep gewees het, wat alleen uit die samehang van die artikel daarna sou verwyder oeword het. Want sonder *d* kan die woorde ook beteken dat nog 'n posiesie verower moet word; *verower* dus infinitief. Maar nietteestaande die gevaar van momentane onduidelikheid sou dit selfs in sodanige gevalle raadsaam wees om die *d* te laat val waar die werking duidelik gevoel word.

Spelreël 29 eis verder 'n *d* na 'n klinker wanneer die woord 'n bnw. is. Ons sê : *ek is nie met die saak gemoed nie; die eiers is bebroeid* omdat hier duidelik bnw. gevoel word. Daarentoë het ons met 'n handeling te doen in *die twee is gister getrouwd*, en tog eis die uitspraak 'n *d* net soos in *hulle is twintig jaar getrouwd* (bnw.) Omgekeerd is daar wel gevalle waar die *d*-lose vorm als bnw. gevoel word : *ons is genooi* (gesê in 'n seker verband met nadruk op ons); *die kerk was toen al ingewij; ons het nie geweet dat ons al die tijd verraai was nie*.

Daar is dus nie vaste grense nie, en dit blyk verder dat waar na *is, was* enige twyfel kan ontstaan oor die funksie van die woord, die vorm sonder *d* met die beskaafde uitspraak ooreenstem : *die wa is oorlaai; die koring is afgemaai; die kuikens is uitgebroid*, ens.

§72. Eindelik kom in aanmerking verl. deelw. of woorde wat gevorm is na analogie daarvan en wat uitgaan op *k, g, ng, p, s, f*. Hier val die *d* en *t* weg als reël : *hij is mismaak; die bome is afgekah; hulle is verloof; hij is onbevoeg; die man is onbeslis; dis gening met asijn*.

Die invloed van Nederlands laat hom ook hier gelde; daar is mense wat uitsprek : *begraafd, verloofd, onbevoegd, beleefd*. Maar dit is die uitspraak van enkele; die algemene, beskaafde Afr. uitspraak ken hier geen *d* nie. Daarom : *is beleef, bestraf, bevrees, verwoes, beherk, bedug, onverslag, opgedroog, onversadig, verdedig, afgegrens, verskans, afgekondig, bewerk, versterk, verrijk*, ens.

So kom dit dat, trots 'n tamelik bevredigende grammatiese rigsoer, daar 'n mate van onvastheid in die gebruik van die verl. deelw. is. Waar 'n opmerksame skrij-

wer hom inag neem sal hij vrijwel korrek kan skrywe. En per slot van rekening het die Afrikaner wat sijn taal ken die beste gids in sijn eie uitspraak, wat natuurlik nie onfeilbaar is en ook nie alles kan oplos nie.

Die uitspraak bepaal ook die verboë vorme :

<i>verlig</i>	—	<i>verligte;</i>
<i>bedroef</i>	—	<i>bedroefde;</i>
<i>beproof</i>	—	<i>beproofde;</i>
<i>ingelê</i>	—	<i>ingelegde;</i>
<i>toegesê</i>	—	<i>toegesegde;</i>
<i>bevoeg</i>	—	<i>bevoegde;</i>
<i>besaa</i>	—	<i>besaide;</i>
<i>begrens</i>	—	<i>begrensde;</i>
<i>verskans</i>	—	<i>verskanste;</i>
<i>verafrikaans</i>	—	<i>verafrikaanste;</i>
<i>beglans</i>	—	<i>beglansde;</i>
<i>vervals</i>	—	<i>vervalste.</i>

*O p m.* 1. Wanneer bijwoordelik gebruik neem die verl. deelw. orals 'n *d* waar die bnw. 'n *d* krij : *die volk gaan die vijand onverdeeld tegemoet; dis bepaald waar; hij het die man onverbloemd die waarheid gesê; om onverdiend so veel smaad te dra; ek voel so vernederd; hij het so verstrooid gelijk.*

*O p m.* 2. Dit is van belang om net terloops melding te maak van die grade van meer of minder werkwoordelike betekenis in verband met die bijvoeglike gebruik van deelwoorde. Sodanige verskil in graad is op te merk in b.v. (1) 'n *bedroefde gesig*, (2) 'n *beproofde middel*, (3) 'n *afgebrande huis*. In (1) is vir mijn gevoel alleen 'n bnw., in (2) is nog enigermate verbale voorstelling, terwijl in (3) swartgevekte mure en verkoolde balke helder in die bewustsijn tree, die werking dus soveel reëler is. Dit is ook waar van die tegw. deelwoorde, b.v. in *werkende lede* (van 'n vereniging) is die verbale voorstelling flou, in *die werkende klasse* veel sterker, en feitelik afwesig in *lewende wesens*. Die beoordeling van sulke gevalle is baie individueel.

## OEFENING.

§73. Gebruik in die volgende sinne of woordgroepe die vereiste vorm van die verl. deelw. in plaas van die ww. tussen hakies : Pa was erg (teleurstel!); Piet het sijn vrijheid (misbruik); 'n (las) riem; 'n (beslis) uitspraak; 'n (on- en nooit) gas; ons is (on- en beskerm); ons

het (wapen) uitgerij; hier is alles (verander); dit is vir mij (bedoel); 'n (verander) toestand; 'n (ontwikkel) man; iemand wat (ontwikkel) is; ons is (bewaar) geblij; 'n (on- en verdedig) plek; 'n (on- en versadig) eetlus; ons is (versterk); van al ons goed (berooft); 'n (beperk) maatskappij; 'n (afbaken) plaas; 'n (afgrens) streek; jouw (verdien) loon; 'n (vrees) siekte; 'n huis wat teen sigself (verdeel) is; hulle is nog (on- en verdeel) saam; die kinders is (verstrooi); die berg wat (uitbeitel) staan; die land is (omploeg); 'n (omploeg) stuk grond; hij wil (eer) wees; hij het hom (eer) gevoel; die kobejaan is (leer) om te koes; 'n (afbrand) huis; 'n gaar (braai) stuk vlees; die brief is (verlê); 'n (verlê) brief; 'n (seën) jaar; die predikant is (inseën); 'n nat (reën) bos; die boek is (leen); (leen) geld; volgens (inrig) plan; 'n (inlig) kring; 'n (wens) oplossing; 'n (betwis) punt; (vra) hulp; die huis is (deursoek); 'n (verpes) leuen; 'n (red) man; 'n (aanklae) man; hij is (aanklae); 'n (waag) onderneming; hij het baing (wae); 'n (opbouw) muur; die huis is mooi (bouw); (vernis) venster; (toesê) hulp; dit is ons (beloof); dit is van ons (steel); dit is als inleiding (bedoel); hij lijk so (bedaar); hij raak in sijn eie strikke (verwar); hulle soek op die manier, van die wêreld (afsonder), hulle sieleheil; die man was swaar (beproof); ek sit hier (on- en stoor); jouw buurman was (steur) oor jouw aanmerkings; die melk is (meng) met water; 'n (meng) gehoor; die twijfelagtige gevalle is nou (elimineer); die karakter is al te veel (idealiseer); alle gevaar is (afweer); daardie vrouw is (veins); ons is (be- en vrees) vir die toekoms; hij word (bestempel) met die naam van verraaiër; hij is (benoem) tot skaapinspekteur; die hele wêreld deur (be-roem); hierdie boek, van letterkundige standpunt (beskou), is misluk; sijn gemoed is (beswaar); die kommando was hier (laer); eindelijk, (bestorm) van alle kante, gee die vijand oor.

---

## VOORNAAMWOORD.

§74.

### Persoonlike vnv.

	Enkv.	Meerv.
<i>Die 1e persoon:</i>	{ Onderwerp-verhouding <i>ek (ik)</i> Voorwerp-verhouding <i>mij</i>	<i>ons</i> <i>ons</i>
<i>Die 2e persoon:</i>	{ Onderwerp-verhouding <i>u, jif</i> Voorwerp-verhouding <i>u, jou</i>	<i>u, julle, (jul)</i> <i>u, julle, (jul)</i>
<i>Die 3e persoon:</i>	{ Onderwerp-verhouding <i>hij, sij, dit</i> Voorwerp-verhouding <i>hom, haar dit</i>	<i>hulle (hul)</i> <i>hulle (hul)</i>

### Ek of ik.

§75. Die beklemtoonde vorm van die eertse persoon is *ek*, die onbeklemtoonde *ik*. Dat daar mense is wat beklemtoonde *ik* spreek is sonder twiifel, maar hulle is ver in die minderheid. In die Vrijstaat is beklemtoonde *ek* baie geprononceerd. Sommige mense wat *ek* sê het 'n vooroordeel teen die gebruik daarvan in skrif, waarskynlik omdat hulle van jongs af gewend is aan *ik* in die Nederlandse boek, en die minste wijsiging in sulke menigvuldig voorkomende woordjies als die voornaamwoorde als hinderlik gevoel word. Teen die ritsluitelike erkenning van *ik* weens die Nederlandse skriftradisie pleit die nadrukkelik uitgesproke *ek* in Afrikaans. Verder is *ek* 'n erwaardige vorm wat seker al voor die Kristelike jaartelling bestaan het, al het dit nie tot sijn reg gekom in die skriftaal nie. In Afrikaans is *ik* eers op die voorgrond gekom naas *ek* bij die opkoms van die tweede taalbeweging. Bij die „Patriot”-beweging is *ek* die hoofvorm, terwyl *ik* feitelik net sporadies optree. Vandag gee sommige gesaghebbende skrywers die voorkeur aan *ek*, ander aan *ik*. Watter van die twee vorme uiteindelik sal wen, sal afhang van toekomstige gebruik, waarbij die skool een van die belangrikste faktore sal wees. Maar dit kom daar glad nie op aan watter vorm bestemd is om uiteindelik te sevier nie. Elke skrywer moet net sêre dat hij hom bij een vorm alleen bepaal.

Die deurmekaar gebruik van albei vorme in dieselfde stuk of in dieselfde boek is te verwerp. Lees hieroor enige interessante oemerkinge in die Februarie-nommer (1917) van „De Huisgenoot”.

Baing min gebruiklik is *ekke, ikke* naas *ek, ik*. Dit kom graag voor als antwoord op 'n vraag b.v. *wie het dit gedoen?* *Ekke* of *nie, ekki nie*.

### Mij, ons.

§76. 1. *Dis (vir) mij 'n openbaring.* 2. *Hij het (vir) mij 'n present gegee.* 3. *Die klerk het mij beledig.* 4. *In die begin het hulle mij gewantrouw.* 5. *Moenie vir mij bang maak nie.* 6. *Jij prijs mij mos nou.* 7. *Jij prijs mos nou vir mij.* 8. *Jij sbeel met mij.* 9. *Gaan saam met mij.* 10. *Gee (vir)mij kos.*

*Mij* en *ons* (voorwerp-verhouding) word volmaak eners gebruik. In die bowestaande sinne kan orals *ons* geskrijwe word in plaas van *mij*. Bij indirekte voorwerp-verhouding (sinne 1, 2, 10) sowel als bij direkte voorwerp-verhouding (sinne 5, 7) kan *mij* (*ons*) versterk word deur *vir*<sup>1)</sup>. Daar is gevalle waar albei maniere korrek is (sinne 1, 2, 10). Dan is daar weër gevalle waar *vir* nodig word (sinne 5, 7). Word *vir* weggelaat in 10 en val die aksent op *gee* dan kan *mij* als besitlike voornaamwoord opgevat word. Maar alle dubbelsinnigheid sal verdwijn als die *sin* gekonstrueer word met *vir mij*. So speel die klemtoon ongetwijfeld 'n rol bij die gebruik van *vir* in dergelijke sinne. Als in 1 die woord *openbaring* die hoofaksent van die *sin* dra, is *vir* nie noodsaaklik nie: *dis mij 'n openbaring*. Krij daarentoe *mij* die sinsaksent dan word *vir* vereis als versterkingswoord. In sin 5 is *vir* noodsaaklik, onafhanklik van die sinsaksent. In sin 7 is dieselfde verskijsel.

Die onderdrukking of aanwesigheid van *vir* is dus ook afhanklik van die posisie van die voornaamwoord in die *sin*, en daarom het ons hier waarskijnlik met ritmiese invloed te doen. Dit kan opgehelder word deur sinne 6 en 7.

*Op m.* *Dis vir mijn* en dergelike uitdrukkinge is af te keur.

1) In hoofsaak geld dit ook van *hom, haar, jou, julle (jul), hulle (hul)*.

## u, jij.

§77. *U* is die beleefde aanspreekvorm. Met *u* word aangespreek 'n vreemdeling, 'n meerdere, of enig iemand wat ons weëns sijn maatskaplike stand of ouderdom agting toedra of met wie ons nie op intieme voet staan nie. *Jij* is die intieme of familiere aanspreekvorm. Met *jij* word aangespreek 'n gelijke, 'n mindere, of enig iemand met wie ons intiem omgaan. Dieselfde verhoudinge word natuurlik bij skriftelike uiting inageneen. Waar die lijn getrek moet word in die daaglikse omgang is 'n saak van persoonlike oordeel, en in die praktijk (waar soveel skakering bestaan) werk dit wel heel anders uit als 'n mens in staat is om in enkele hooflijne neer te lê. Die toenemende gebruik van *u* onderontwikkelde Afrikaners is 'n natuurlike uitvloeisel van fijner gevoel, wat weer op sijn beurt 'n gevolg is van fijner geskakerde en besnaarde maatskaplike verhoudinge. Maar in die nuwe toestande dra ons nog veelal mee die vasgewortelde *jij* van 'n eenkleurige Afrikaner-maatskappij waarin almaal mekaar meer of min als gelijke beskou het. So kom dit dat twee persone dadelik bij eerste kennismaking mekaar met *jij* en *jou* aanspreek sonder inagneming van moontlike maatskaplike verskil en met die meeste vrijmoedigheid. Bij 'n verhouding van mindere tot meerdere maak eersgenoemde gebruik van herhaling in plaas van *u* b.v. : *Oom moet oom se kar maar hier vasmaak. Hoe denk Pa, sal Pa nie meegaan nie? Mnr. van Wijk, ek dink mnr. van Wijk moet maar hier oorblij van-aand.*

*Jij* in die mond van die gekleurde diensbode teenoor sijn „baas” of „nôï” word in die Boland als brutaal en beledigend gevoel, en daar *u* hom onbekend is, herhaal hij gedurig die aanspreekwoord. Anders is dit bij die Kaffer in die binnelande wat Afrikaans als 'n aangeleerde taal gewoonlik gebroke praat. In sijn mond klink *jij* nie aanstotelik nie. Die Engelssprekende, getrouw aan sijn taalinstink, moet ons taal eers goed ken voor hij die fijner onderskeiding tussen *u* en *jij* navoel en inagneem.

Die Afrikaanse kind herhaal waar hij met sijn ouer of meerdere praat; *u* is hom onbekend en klink selfs in die mond van volwassene teenoor die ouer stijf en onnatuurlik. Daarom maak hij dikwels, om die lastige herhaling te vermij, gebruik van *jij* voorafgegaan deur 'n aanspreekwoord b.v. *Ma, het jij mij klere al ingepak?* En-

kele ouers maak geen beswaar daarteen dat hul kinders *jij* gebruik nie en voed hulle ook so op. Vir sulke kinders het *jij*, gebruik teenoor die ouer, 'n diep-vertrouwelike gevoelswaarde, omdat hulle opgegroeï het daarmee en nie van jongs af geleer was dat met *jij* die gedagte aan minagting en oneerbiedigheid verbonde is nie. Of hierdie gebruik ooit algemeen sal word, is twijfelagtig, omdat die meeste mense dit als 'n verkeerde nuwigheid beskou en als inbreuk op die autoritaire stelling van die ouer; en so 'n ingewortelde gewoonte is taai. Maar als daar in hierdie gebruiksfêre verandering kom, dan sal een van die lastigste gewoontes in ons taallewe verwijder en die betekenis van die woordjie *jij* aanmerklik gewijsig word. Waar *jij* in die daaglikse omgang tussen volwassene nie op sijn plek is nie, behoort *u* gebruik te word in plaas van 'n vermoeiende ophoping van die aanspreekwoord.

*O p m.* 1. Die enigste sfeer waar *gij* nog reg van bestaan het, is in die gebedstaal; en die is nog sterk Nederlands gekleurd. Maar watter redelike beswaar is daar teen *U* waar die Opperwese aangespreek word?

*O p m.* 2. Wat van *u*, *jij* geld, is ook waar van *u*, *jou* (voorwerp-verhouding), *uw*, *jouw*. Die Afrikaner sê wel: *dis jouwe* (*jouwn-*) maar nie *dis uwe* nie; in die laaste geval word die snw. herhaal: *dis uw huis*.

*O p m.* 3. Ons skrywe *jou* in uitdr. als *jou stouterd! jou skelm! jou ellendeling!* omdat ons hier heel waarskynlik met 'n persoonlike vnw. te doen het wat als voorwerp in 'n onvolledige sin staan en gevolg word deur 'n snw. in apposiesie.

*O p m.* 4. Ons skrywe *jou* in *jou waarlik! jou wrintig!* ens. : *Hij het jou waarlik die hele stuk wingerd uitgedolwe.*

## u (mv.), julle.

Die gebruiksfêre van hierdie woorde het ander lijne in die meervoud als die ooreenkomstige vorme in die enkelvoud. 'n Openbare spreker sal sijn gehoor makliker met *julle* aanspreek als wat hij teenoor verskillende individue uit dieselfde gehoor *jij* sal besig. Die minaggende gevoelsinhoud van *jij* is veel minder aanwesig in *julle*. En in baing gevalle word dit vir 'n spreker behoefte, ja selfs vereiste om sijn gehoor met *julle* aan te spreek.



*Julle* word dan die draer van vertroulikheid, simpatie, eenselwigheid wat die spreker met die aangesproke persone verbind. Ook hier sal die menskundige spreker instinktief voel watter vorm hij moet kies. Selfs op die kansel sal onder bepaalde omstandighede *julle* die ver-eiste vorm wees.

### Hij, sij, dit, hom, ens.

§79. Met *hij, sij, hom, haar* word mannelike en vrouwelike persone aangedui. Voorb.: *Ons het 'n knap onderwyser; hij is bekend deur die land en die leerlinge hou van hom. Tante is goed vir mij, s ij gee mij allijd mooi presente, daarom het ek ha ar lief.*

Waar van 'n bepaalde kind wie se geslag onbekend is gepraat word, geskied die aanduiding deur *hij, hom*. Die begrippe kind, mens, persoon, verder 'n onoeslagtelike wese (in die verbeelding) ens. word aangedui deur *hij, hom*, b.v.: *'n mens is wonderlik, hij vergeet al te gouw. Die duiwel is orals, maar 'n mens moet hom bestrij.*

Ook bij diere word die geslag onderskei, b.v.: *Daardie bul is bang kwaai, net Pa kan met hom werk. Swartjie is ons koei se naam, s ij gee tien bottels melk op 'n dag.*

Die aanduiding van diere waar die geslag nie in die bewussijn tree nie geskied met *hij, hom*, b.v.: *Die hond is siek, ek weet nie wat hom makeer nie.*

*Dit* dui aan voorwerpe en sake, b.v.: *Waar is mijn pen? Ek het dit weggebêre. Die predikant het 'n pragt-ige onderwerp gehad maar hij kon dit anders ingedeel het. Kap daardie droë tak af, dit deug tog nie. Ek hou van die tabak want dit is lig. Jouw opmerking is welkom want dit helb mij.*

*Op m. 1.* Daar bestaan nie 'n grens tussen *hij, hom* en *dit* nie. Die gebied van *hij, hom* word meer en meer uitgebrei, sodat 'n mens bij die aanduiding van konkrete begrippe bijna orals net so goed *hij, hom* als *dit* kan gebruik, b.v.: *Die boom dra nie meer nie, daarom kap ek hom (dit) uit. 'n Mens word moeg van die pad; hij (dit) is sonder end.*

Bij die aanduiding van abstrakte begrippe dring *hij* ook deur; dit vernaamlik bij verpersoonliking in die ruimste sin of bij voorstellinge waar 'n werkende krag bij kan gedink word b.v.: *Die Kerk is 'n mag want hij (dit) is goed georganiseer.*

*Nationalisme neem toe, hij (dit) kom in die mode. Die taal is 'n nasionale krag; als hij (dit) ondergaan, verloor die volk sijn karakter. Die digter smee die taal en verhef hom (dit) tot kunsmiddel.*

Op hierdie gebied is die gebruik onvas; die momentane standpunt van spreker of skrywer beslis watter van die twee vorme aangewend moet word.

*O p m. 2. Naas hij, hom, dit kom ook sij, haar voor, b.v. : Die wetenskap word elke dag uitgebrei; duisende sien tot h a a r op om lig, en tog is s ij so beperk. Ons huldig die poësie want s ij veredel die menslike siel. Die verbeelding is onbeperk, j ij kan h a a r nie aan ruimte of tijd binde nie.*

'n Sodanige gebruik is nie alleen afhankelik van die voorstelingswêreld van spreker of skrywer waarin die begrippe verpersoonlik word nie, maar ook (wel onbewus) van Nederlandse boekinvloed.

Om van 'n trein of skip te praat met *sij, haar* is Engels en afkeurenswaardig.

*O p m. 3. H o m, h e m.*

Beklemtoond bestaan alleen *hom* in Afrikaans. Daarnaas kom voor onbeklemtoonde *hem* bij snel uitspraak. Beklemtoonde *hem* is Nederlands. Die enigste aanspraak wat *hem* het om geskrywe te word, is als onbeklemtoonde vorm. Maar ons skryftaal onderskei anders nie so fijn nie. Als ons na hierdie maatstaf moes skrywe, sou ons taal op papier baie anders lijk. Maar die mense wat aan *hem* vashou bedoel daarmee juis die beklemtoonde vorm wat onafrikaans is. Daar ons beste skrywers *hom* gebruik, bestaan daar geen rede waarom dit nie als standvorn moet geld nie. Hier heers blykbaar dieselfde ongemotiveerde vooroordeel wat teen *ek* in die spel is. In die poësie egter kan *hem* toegelaat word als rijnwoord. Verder om die Opperwese aan te dui en wel met hoofletter. Hierdie onderskeiding ten opsigte van die Opperwese is wenslik in 'n oorgangstijd omdat die alledaagse *hom* nog storend is vir die eerbiedsgevoel van die grote meerderheid.

§80. Inplaas van *met dit, vir dit, na dit, oor dit, onder dit, van dit, bij dit*, ens. sê ons *daarmee, daarvoor, daarna, daaroor, daaronder, daarvan, daarbij*, ens. *Sonder dit* i.p.v. *daarsonder* kom dikwels voor. Maar daar word baie foute gemaak in hierdie opsig. Die woorde kan ook geskeie wees van mekaar. Voorb. : *Dit is 'n mooi onderwerp; 'n mens kan d a a r baie van sê. Bêre*

*die moertjies in 'n kis en gooi daar 'n sak oor. Eers was daar 'n groot lawaai en daarna (nie na dit nie) het die musiek begin.*

*O p m.* Ook die aanwysende *dit* word so behandel, dus hieroor, hiervan, hiermee, ens. i.p.v. oor dit, van dit, met dit, b.v. *Hieroor verskil ons juis. Hiervan het ek nou genoeg. 'n Mens sou sê dat hulle nou hiermee tevrede sal wees.*

Tog is gebruikelik : *met dit alles, na dit alles.*

### Hulle, dit (mv.).

§81. Lewende wesens, voorwerpe en abstrakte begrippe word in die meervoud aangedui deur *hulle*.

*Voorb. : Die miere werk vandag; hulle weet dit gaan reën. Daar is foute in die opstel wat verbeter moet word; vermij hulle als jii weer skrywe.*

Moeilik bepaalbaar is *dit* als aanduiding van meervoudige begrippe. *Dit* word gebruik vir voorwerpe en abstrakte begrippe wat in die bewussijn als versameling en hoeveelhede ontree. Word daaraan gedink als aparte eenhede dan is die neiging sterk om *hulle* te besig, b.v. *Sit die gereedskap weg. ons het dit nie meer nodig nie.* Maar dink die spreker aan die gereedskap als aparte voorwerpe, dan sal hij *hulle* sê. *Ons sal die ertjies uitslaan, en als die wind opkom waai ons dit (hulle) uit. Jii het mos pragtige aartappels gewen. Gaan jii dit (hulle) verkoop? Daar is verskillende strominge in die hedendaagse letterkunde waar te neem; 'n mens kan hulle (dit) moeilik ontleed. Eerlikheid, trouw, nederigheid is kenmerke van 'n edel karakter; 'n mens vind hulle (dit) selde verenig.*

*O p m. 1.* *Hul* naas *hulle*, *jul* naas *julle* kom voor na keuse. Daar is wel gevalle waar minder of meer nadruk die vorm bepaal.

*O p m. 2.* Bij enkele oumense kom nog voor *sullie* (*sulle*) vir *hulle*; vgl. Nederlands *zullie* (omgangstaal). Oor *haarlie* kijk §88, Opm.

*O p m. 3.* Oor *hul(le)* als meervoud-aanduidende element bij eiename kijk §34.

§82. Die vorm van die *wederkerende vnw.* stem in Afrikaans, soos trouwens ook in vroëer Nederlands, ooreen met die voorwerpvorm van die persoonlike vnw. Voorb.: *Ek het mij amuseer. Ons sal ons daar toe moet verblijg. Jij het jou misgis. Julle sal julle kul. Die onderwijser het hom lelik verspreek. Die moeder lê haar toe op die opvoeding van die kinders. Die kinders verlaat hulle op die ouers se sorg.*

*O p m.* Sig als *wederkerende vnw.* van die 3e persoon (enkv. en mv.) is vreemd aan Afrikaans. Nederlandse invloed het hom 'n mate van gebruiklikheid verleen in ons skriftaal. Meer en meer raak ons skrywers los van sig. Tog is dit somtijds 'n handige woordjie wat hom wel hier en daar sal handhaaf b.v. in *op sigself* (beskouw); in *sigself*, ens.

§83. Dikwels word die vnw. deur toevoeging van *self* versterk: *homself, haarself, hulself, mijself*. Dit is nodig als die minste dubbelsinnigheid kan ontstaan of als daar behoefte gevoel word aan nadruk. Tog word daar in ons skriftaal te veel gebruik van gemaak.

Voorb.: *Voor die spieël bewonder sij haarself. Dit was vir hulself tot nadeel. Dit het hij aan homself te danke.* In die volgende sin is *homself* onnodig: *'n Ouer wat kinders wil lei, maak homself bespottelik als hij toon dat hij self nog 'n kind is.*

*S elf* kan ook voorkom in verband met die onderwerpvorm, geskeie of onmiddellik daaropvolgend: *Ek sal self kom betaal. Julle moet self iets doen. Ek self het dit gesien.* Engels is: *ek mijself het dit gedoen vir ek self* ens.

§84. Die *wederkerige vnw.* is *mekaar*. Voorb.: *Hulle sit mekaar in die hare. Die kleingoed het mekaar met klibbe staan en gooi. Hulle het mekaar se huls nodig.* Ook word dit omskrijwe, b.v. *Hulle het die een die ander staan en uitskel.*

### Besitlike vnw.

#### §85.

1e persoon enkv.: *mij* (*mijn*); mv. *ons* (*onse*).

2e persoon enkv.: *uw*, *jouw*; mv. *uw*, *julle* (*jul*).

3e persoon enkv.: *sij* (*sijn*), *se* (*sij*, *sijn*), *haar*; mv. *hulle* (*hul*).

Voorb. : *Dis mij (mijn) huis. Waar is ons kind? Dis u w (jouw) obienie. Jul(le) taal. Sij (sijn) verstand is nog helder. Die man se klerē. Gert se (sij, zijn) plaas. Die vrouw se (haar) rok. Dit was hul(le) land. Die kinders hul sbeelgoed.*

### Mij (mijn), sij (sijn).

§86. Op die oomblik is daar twee maniere van skrywe: *sij (mij) perd, sijn (mijn) perd*. Moet die woordjies sonder of met *n* geskrywe word? Die „Patriot“-beweging het bijna uitsluitelik met *n* geskrywe. Vandag is die skrywers verdeeld. In die April-aflewering (1917) van „De Huisgenoot“ het Prof. Smith sterk vir *mij, sij* opgekom op grond van die uitspraak, en hoewel sijn argument teoreties in die haak is, word daarmee nog nie afoende bewijs, dat daar in die praktijk nie mense is wat nasatiseer nie. Maar dit is ook nie nodig om dit te bewijs nie, want bij die spelling *mijn, sijn* is dit 'n kwessie van die oog, van die verband met Nederlands. En daarbij kom nog die in die oog springende vorme *mijne, sijne* in *dis mijne, sijne; Pa sijne*, wat wel 'n ander grammatiese reeks uitmaak maar wat elkeen dadelik met *mijn, sijn* in verband bring. Dis ook nie die enigste plek waar ons anders skrywe als spreek nie. Ons skrywe *als*, die meeste altans, en sê *as*, om 'n woordjie te noem wat net so baing voorkom. 'n Werkelike beswaar teen *mijn, sijn* kan gemaak word ten opsigte van die aanvangsleesonderwijs. Bij die ontwikkeling van ons skryftaal sal hieroor ook finaal beslis word. Elkeen moet hom streng aan 'n bepaalde vorm hou.

### Ons (onse).

§87. In ons skriftradisie loop die twee vorme baing deurmekaar, sonder reël of orde. Sometjds lijk *onse* opsettelik gebruik te word ter afwisseling waar dit direk volg op die pers. vnw. b.v. „wie ons *onse* self-respek ontnem, berooft ons ook *onse* mannelikheid.“ „Bedaard..... moet ons *onse* weg gaan.“ Maar dikwels heers die reine willekeur b.v. op een bladsij: „*onse* oude en geëerbiedigde President“, „*ons* geëerbiedigde President“. In 'n sekere artikel van „Die Brandwag“ staan 11 maal *ons* en 10 maal *onse*. Dit wil voorkom alsof hier Nederlandse geslagsvoorstellinge bij die skrywer aanwesig was b.v. „*ons* lewe“, „*ons* wesen“, „*ons* geld“, „*ons* beste wete“, „*onse* omgewing“, ens.; maar dan ook „*ons*

medemense". Die jonger jaargange van „Die Brandwag” het meer konsekwent *ons*. Die vorm *onse* kom inderdaad voor in die spreektaal; in die Vrijstaat en Transvaal heel dikwels. Maar waar 'n persoon in die gewone omgang *onse* uiters spaarsaam gebruik, sal hij, sodra hij 'n gehoor toespreek, sijn *e*-vorme met mekaar laat wedijwer, sodat ons dit hier wel als gevolg mag opvat van 'n deftiger, meer Nederlands gekleurde taalgebruik. Of sou in *onse* moontlik verborge wees *ons se?* 'n Mens hoor tog dikwels *hulle se* pl. snw. Hoe dit ook sijn, *ons* is die algemeen gebruiklike vorm wat ongetwijfeld bij die skrijwe die deurslag gee en sal bestendig word.

*O p m.* Op godsdienstige terrein veral kom *onse* graag voor, en in uitdrukkinge als *onse Vader, onse God*, is hij eenmaal stereotiep geword.

§88. *Se, sijn (sijn), haar, hul*, wijs die onmiddellik voorafgaande snw. als besitter aan, b.v. *Jan se (sijn, sijn) beeste. Dis gek mense se praatjies. Die meisie se mooi hande. Die vrouwe haar (se) kleur. Die vrouwens se planne. Die dogters hul werk.*

*Se* kom voor enkv. en mv. bij albei geslagte. Naas *se* (vrouwlik enkv.) is *haar* nog in swang, hoewel minder gebruiklik. *Se* is besig om *haar* te verdring. Naas *se* kom voor bij mannelike wesens in die enkv. alleen *sijn (sijn)*. Of *s'n* hier wel gebruik word, mag betwyfel word. In die mv. kom *hul* voor naas *se*.

*O p m.* Meestal in die gebed van ou mense hoor jij nog 'n versteende *haarlie* i.p.v. *hulle*: *vergewe tog haarlie sonde* (gehoor te Paarl).

§89. Selfstandig gebruik kom voor *sijne, mijne, jouwe*, b.v. *dis mijne; dis sijne; dis jouwe (jouwe) ne*. Voorafgegaan van 'n snw. of vnw. kom voor *sijne, sijn, s'n, sinne* maar bij vrouwelike persone in die enkv. *hare*. Voorb.: *Piet sijne; dit is die man sijne (sijn, s'n, sinne); dis ons sijne (sijn, s'n, sinne); dis hulle (julle) sijn (sijn, s'n, sinne)*.

#### Aanwysende vnw.

§90. Met *hierdie* word aangewijs wat digbij is, met *daardie* wat verderaf is in ruimte of gedagte. Dikwels word *hulle* nog versterk met *een*.

Voorb.: *Hierdie is maar 'n dowwe looppaadjie, maar daardie is die karpad. Hierdie een is slukkend, maar daardie een wat jij het is nog heeltemaal dienstlik.*

Die met nadruk uitgespreek dien ook als aanwysende vnw. Dikwels word dit van 'n aksentteken voorsien waar verwarring met die lidwoord kan ontstaan. Voorb.: *Van dié geleentheid het die dominee toen 'n goeie gebruik gemaak. Die keer het hij hom misgis. Die arme man het daarop na die dokter gegaan maar die se medisijne wou ook nie help nie. Hij wou toen zijn vrouw gerusstel maar die was so in die nood. Die wat so sê is voorbarig. Wie is die vent? Ek gee aan die wat behoeflig is.*

O p m. 1. In plaas van *hierdie*, *daardie* kan gesê word *die een*, *die ander een*; *duskant se een*, *anderkant se een*.

O p m. 2. 'n Aanwysende *dees*, *dese*, *deus*, *dus* kom nog in verskeie uitdrukkinge voor, b.v. *vandeesmaand*, *vandese-maand*, *vandeesmaand*, *vandeesjaar*, *vandeesjaar*, *vandese-week*, *vandeesweek*, *vandeesweek*, *duskant*, *duskant*; *dese en gene*.

O p m. 3. *Die* kom voor in die betekenis *daarom* in die volgende tiepe van *sin*: *dis die wat hij so grootpraat*.

O p m. 4. Oor *hiervan*, ens. i.p.v. *van dit*, ens. Kijk §80 Opm.

O p m. 5. Stereotiep is: *oor dit en dat (praat)*.

O p m. 6. *Diegene* is 'n boekwoord: „Veral *diegene* wat so geneig is om te kritiseer.”

§91. Alleen bijvoeglik is *so 'n* (enkv.), *sulke* (mv.; ook enkv. voor versamelwoorde), b.v.: *So 'n kêrel is vermakelik. Ons het so 'n pret gehad. Jan het so 'n mooi boek gelees. Sulke praatjies is vervelend. Van sulke mense hou ek. 'n Mens moet verstand hê om sulke slim planne uit te dink. Als jij sulke botter op die mark bring, krij jij 'n goeie prijs. Sulke koring wen ons op die plaas. Ek het nog nooit sulke lekker konfijt geëet nie. Mijn ma het net sulke gare.*

§92. *Dieselfde* word bijvoeglik en selfstandig gebruik, b.v.: *Dis dieselfde storie wat ons gister ge-*

hoor het. Die gevangene krij elke dag die selfde kos. Dis die selfde een. Die selfde geld ook van die re. Wat jij daar lees is presies die selfde wat ek gesê het.

*O p m.* 1. Die dikwels gehoorde maar slordige *dieselde* moet ons vernij, om van die onnodige en onuitstaanbare *die-same-de* te swiig.

*O p m.* 2. In plaas van *dieselfde* kom ook *selfde* voor, b.v. : *Dis selfde wat hij probcer, hij sal dit nie reg krij nie.*

*O p m.* 3. Oor *self* kijk §83.

*O p m.* 4. In dergelijke, *sodanige*, *aldus*, *dusverre* skuil aanwysende funksie.

### Vragende vnw.

§93. *Wie vra na persone. wat na sake. Voorb. : Wie is daar? Vir wie soek jij? Na wie toe gaan jij? Wie se huis is hierdie? Wat sê hulle? Wat is die man se ambag?*

*O p m.* 1. In 'n onvolledige sin kan *watte* staan i.p.v. *wat*, maar sijn gebruik is beperk : *Watte?*

*O p m.* 2. *Wat se* b.v. in : *wat se lawaai is dit hier?* klink plat en behoort vervang te word deur *watter, waffer*.

*O p m.* 3. *Wat* in die volgende tiepe van sin is 'n Neerlandisme : *Wat is dit tog mooi? Wat was dit tog aange-naam?* Daarvoor sê ons : *Hoe mooi is dit tog? Hoe aange-naam was dit tog?*

*O p m.* 4. In plaas van *met wat? van wat? vir wat? bij wat?* ens. sê ons : *waarmee? waarvan? waarvoor? waarbij?* In die omgangstaal egter hoor jij dikwels : *vir wat doen jij dit?* ens. Vandaar ook *waarom?* naas *hoekom?*

§94. *Watter (waffer)* staan voor 'n snw. of voor een: *Watter man is daardie? Met watter (waffer) mooi woorde wou hij ons vang? Watter (waffer) een bedoel jij?*

Dit kom ook geskeie van die snw. voor : *Watter (waffer) van die twee appels wil jij hê?*

*O p m.* In die skriftaal is *waffer* minder gebruiklik. Die



boekwoord *welke tree op naas watter (waffer) in beperkte omvang. Wat vir ('n) kom voor in vraag- en uitroepsinne: Wat vir 'n manier is die! Wat vir onsin is dit? Wat 'n in uitroepsinne: wat 'n mooi gedagte! Wat 'n jraai uitsig! Watte b.v. in watte mense? is blykbaar Bolands.*

### Betrekkelike vnw.

§95. Die betreklike vnw. is *wat*, b.v. *Dis 'n leerling wat sijn bes doen. Dis meeste arm mense wat talrijke huisgesinne het. Die gebeurtenis wat jij daar verhaal, het ek vergeet. Die wat jou dit vertel is kwaadwillig. Dis hij wat ons leëwerk. Dis die Here wat ons dit aangedaan het.*

Die boekwoord *die* i.p.v. *wat* verdien geen aanmoediging nie, omdat dit onafrikaans is. Net soos teen *hom* bestaan bij baing 'n ongegronde vooroordeel teen *wat*, veral waar daar sprake is van die Opperwese. Maar *die* is kunsmatig en het daarom weinig kans om voort te bestaan, al word hij hier en daar gehoor en geskrywe.

Als daar sprake is van persone word *wie* gebruik bij 'n genitief-betrekking, na voorsetsels en waar die voorafgaande woord waarop *wie* betrekking het (antecedent) ontbreek, b.v.: *Dis die kind wie se moeder dood is. Ek bedoel die onderwyser bij wie jij eerste skool gegaan het. Wie (d.i. hij, hulle wat) laaste lag, lag lekkerste.*

*Op m.* Wat word verkeerdelik gebruik vir *aan wie*, vir *wie*, ens. b.v.: *Is dit die mense wat jij geskrywe het, hulle moet die pomp stuur?*

§96. Die genitief-betrekking in verband met persone word op verskillende maniere uitgedruk, n.l. *wie se*, *van wie*, *waarvan*, *wat pl. van*. Voorb.: *Dis 'n man op wie se woord jij kan gaan. Die speler waarvan (van wie) die arm gebreek het, lê in die hospitaal. Daar loop die vernuftige seun wat ons netnou van gepraat het.*

*Op m.* 1. *Wat pl. van* is baing gebruiklik. Maar daar moet gewaarskuw word teen 'n slordige gebruik (omgangstaal) van *wat* sonder *van* b.v.: *Dis die man wat die been af is.*

*Op m.* 2. Plat en afkeurenswaardig is *wat se* i.p.v. *wie se*, *van wie* ens. b.v. *Nee, jij meen die een wat se kind dood is.*

§97. In verband met sake kom *wie* nooit voor nie. Hier gebruik ons *waarvan* (genitief-betrekking), *waaraan*, *waarmee*, *waarop*, ens. i.p.v. *van*, *aan*, *met*, op pl. *wat*, ens. (kijk §80, §93, opm. 4); verder *wat*, *waar* pl. volgende voorsetsel. Voorb. : *Dit is 'n onderwerp waarvan ek net die eerste beginsels ken of waar (wat) ek net die eerste beginsels van ken. Dit is 'n vak waaraan ek baie tyd bestee het of waar (wat) ek baie tyd aan bestee het. Is dit die motor waarmee jij die rissies gewen het? of waar (wat) jij die rissies mee gewen het? Die onderwyser het jou maar net een van die maniere gewijs waarop 'n mens die som kan doen. Dis hierdie berg waarop ons gelaer het of waar ons op gelzer het. Daar langes aan sien jij die kloof waarin ons gevlug het of waar (wat) ons in gevlug het. Dit is 'n voorskrif waarna jij jouw lewe behoort in te rig of waar jij jouw lewe na behoort in te rig.*

*Opm.* Hier en daar word *welke* (betrekklike vnw.) in die skryftaal gebesig, b.v. *Dit is 'n rednering hierdie volgens welke al ons beskawingsdeë niks beteken nie. Wat hij daar genoem het is 'n noodsaaklike vereiste sonder welke (ook waarsonder) die onderneming sal misluk.*

§98. *Wat sonder antecedent kan net betrekking hê op sake: Wat die predikant verkondig, is waar. Ek glo niks van wat die man sê nie. Ons praat net oor wat vanmôre in die koerant staan.*

Eindelik mag nog gewijs word op 'n veel voorkomende gebruik van *wat* met 'n sin of sindeel als antecedent, soos uit die volgende voorbeelde blyk: *Toen verstaan hij eers dat hij 'n fout gemak het wat hij dan ook dadelik erken het. Die voorsitter het die spreker gevra om sijn voorstel te wijsig wat hij sonder versuim gedoen het. Hoe meer 'n mens skrywe, hoe makliker word dit, wat te verstaan is.*

### Onbepaalde vnw.

§99. Tot die sogenaamde onbepaalde vnw. behoort *iemand*, *niemand*, 'n mens (*mens*), *iets*, *niks*, *alles*, *geen een*, *iedereen*, *elkeen*, *elke* (bijvoeglik), *jij* (ook die besittlike *jouw*), *wat*, *alles*, ens.

*O p m. 1.* 'n Mens is baing gebruikelik om 'n onbepaalde persoon aan te dui, maar dit kan oock betrekking hê op die spreker self of op die aangesproke persoon, iets wat uit die verband blijk. In die sin : 'n m e n s kan jou so versondig oor daardie man, kan die spreker homself bedoel.

Anders als Nederlands *men* kan 'n mens ook voorwerp wees : *Dis nie mooi om 'n mens so te behandel nie. Dit laat vir 'n mens dink.*

In die Vrijstaat is *mens* gewoon naas 'n mens, en dit is 'n gebruik wat in ons geskryf e oock in 'n mate voorkom. Naas 'n mens word dikwels 'n man gehoor.

*O p m. 2.* *Jij (jou, jouw)* is allergewoons als aanduiding van 'n onbepaalde persoon, wissel af in dieselfde sin met 'n mens waarvan dit oock als wederkerende vorm verskijn. Voorb. : 'n M e n s kan 'n skurk wees en tog kan jij jouw kaarte so speel dat jij geëerd word in die openbaar. Dit doen 'n m e n s skade als jij altijd die ronde waarheid sê. 'n M e n s kan jou tog so verbaas oor sulke kleinsieligheid. Als jij gouw wil rijk word moet jij net jouw gewete 'n bietjie sus.

*O p m. 3.* Omdat bij die skrywe maklik daarteen gesondig word, is dit nodig om daarop te wijs dat bñw. (selfstandig) wat direk volg op iets, niks, 'n s moet hê, b.v. : iets groots; iets moeiliks; iets onverstandigs; iets onverkwikkeliks; niks besonders; niks belangrijks; niks deurtastends.

Stereotiep is niets, iet, niet in : als n i e t s (n i e t) kom tot i e t s (iet), ens.

*O p m. 4.* Let op die gebruik van *wat* in die volgende gevalle : *Al gebeur oock wat. Hij weet orals wat van. Hij het so wat alles probeer. Van alles en nog wat. He-lwat.*